

# EDITORIAL

## REDAKSIONEEL

For us at **CL** and all fellow inhabitants of the world of bibliophiles, there have been some exciting developments. Not the least of these is the restructuring of the City of Cape Town's Library Service. We take pleasure in introducing to our readers the people at the helm of the various districts and sections on page 12.

In my book a touch of light heartedness is never amiss and on page 10 we share with you in pictorial form, some of the lighter moments of our end of the year team-building day.

Reaching out…an oft-heard term, is truly developing long long arms insofar as the Western Cape Library Service is concerned. Initially introduced last year as a one-page column, we now regularly find ourselves running out of space for the many contributions we receive. Libraries across the province are taking the lead in various fields to reach out to their respective communities with the presentation of skills improvement courses, creative workshops, setting up of library business corners and much more – to read more about these laudable efforts in ***Outreach***, turn to page 33.

There is an element of excitement running in the office - the reason - we have just cast our eyes on Library Week 2006's promotional material - we think it will knock users' socks off! Watch the faces...

Finally, this year's cover theme for the **CL** – a topic that is usually high on the editorial stakes of the first issue of the year. It is light, fresh, and conveys a simple yet straightforward message: ***Reading is brain food!*** Now there's some food for thought?

And please remember to make a leisure reading date with a book for at least twenty minutes every day - you deserve to spoil yourself!

Opwindende gebeure in die biblioteekwêreld kondig die nuwe jaar aan - en dit sommer hier op ons drumpel. Ek praat van Kaapstad Biblioteekdienste se nuwe baadjie. Dit is vir ons by die **KB** 'n plesier om op bladsy 12 die gesigte agter die skerms aan u bekend te stel.

Lighartige oomblikke is nog altyd vir my kos vir die siel en op bladsy 10 deel ons graag met u enkele fotografiese herinneringe van ons jaarlikse spanbou byeenkoms aan die einde van 2005.

Reik uit! - 'n term wat deesdae op almal se lippe is en een wat werklik lang arms in die Wes-Kaapse Biblioteekdiens begin ontwikkel. Waar ons aanvanklik verlede jaar slegs 'n enkel bladsy in die **KB** aan ***Uitreik*** afgestaan het, het ons deesdae 'n probleem met ruimte vir die talle uitreikingsaktiwiteite soos werkswinkels vir vaardigheidsontwikkeling, kreatiewe aktiwiteite, biblioteek besigheidshoekies en dies meer wat deur biblioteke aan die gemeenskap gebied word. Lees meer oor hierdie prysenswaardige projekte op bladsy 33.

Daar heers tans 'n ondertoon van opgewondenheid in die kantoor. Die rede - ons het so pas die nuutste reklamemateriaal vir Biblioteekweek 2006 onder oë gehad en glo dat dit 'n beroering onder gebruikers gaan veroorsaak wanneer hulle dit sien - hou hul gesigte dop...

Ten slotte, vanjaar se voorbladtema van die **KB -** gewoonlik die eerste onderwerp op die redaksionele agenda van 'n nuwe jaar. Dit is lig, vars en dra 'n eenvoudige boodskap oor: ***Lees is breinkos!*** Stof tot nadenke of wat sê ek?

En onthou, maak 'n boekafspraak vir ontspanning vir ten minste twintig minute per dag - jy verdien dit om jouself te bederf!




***Editorial policy***

The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Provincial Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

***Redaksionele beleid***

Die **Kaapse Bibliotekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en verskyn twee-maandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinslyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.



***Editor***
*Redakteur*
Grizéll Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

***Sub-editor***
*Subredakteur*
Janine de Villiers
Tel: (021) 483-2234

***Graphic Designer / Photographer***
*Grafiese Ontwerper / Fotograaf*
Monica Wagner

***Administration and Advertising***
*Administrasie en Advertensies*
Szerena Knapp
Tel: (021) 483-2483
Faks / Fax: (021) 419-7541

***Web site***
*Webtuiste*
www.capegateway.gov.za/library

***E-mail***
*E-pos*
capelib@pgwc.gov.za
grizell@iafrica.com

***Address***
*Adres*
PO Box 2108 Cape Town, 8000
Posbus 2108 Kaapstad, 8000

***Indexed in***
*Geïndekseer in*
LISA
(Library and Information Science Abstracts)



© Library Service © Biblioteekdiens



SA ISSN 0 008 5790

***Reproduction and Printing***
*Reproduksie en Drukwerk*
Mills Litho
11th Avenue, Maitland 7405

***Cover design***
*Omslagontwerp*
Jack Russell Design

***Cover photography***
*Omslagfotografie*
Wayne Keet